

Romeine 2:1-11
Verootmoedingsdiens 16 Nov. 2015

Daarom is daar vir jou geen verontskulding nie, vir jou, mens wat 'n ander veroordeel, wie jy ook is. Deurdat jy oor 'n ander 'n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself, want jy wat veroordeel, doen dieselfde dinge. Ons weet dat God regverdig handel wanneer Hy mense wat sulke dinge doen, veroordeel. Maar jy, mens, wat ander veroordeel wat sulke dinge doen, en jy doen dit self, verbeel jy jou dat jy aan die oordeel van God sal ontkom? God is ryk aan goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie? Maar deur jou verharding en jou onbekeerlike hart is jy besig om vir jouself straf op te gaar vir die oordeelsdag, wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek. Hy sal elkeen vergeld volgens sy dadeL aan die wat in goeddoen volhard en op die manier soek na wat verhewe, eervol en ontsterflik is, gee Hy die ewige lewe; maar die wat uit selfsug ongehoorsaam is aan die waarheid en toegee aan die ongeregtigheid, straf Hy in sy toorn. Lyding en benoudheid bring Hy oor die lewe van elke mens wat kwaad doen, in die eerste plek oor die van die Jood, maar ook oor die van die nie-Jood. Wat verhewe en eervol is, en vrede skenk Hy aan elkeen wat goed doen, in die eerste plek aan die Jood, maar ook aan die nie-Jood. God trek immers niemand voor nie.

Liewe gemeente,

Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie? Jy wat hier vandag na die verootmoedingsdiens toe gekom het om die kerklike jaar af te sluit, is deur die Here gelei. Jy wat jou gedagtes weer wil heruitrig na die ewigheid, na dit wat goed en eervol, na dit wat blywende waarde het en onsterflik is, jy is deur die Goedheid van God gelei. God is ryk aan goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Ja, dit sê vir ons baie. Die woorde is soos die uitgestrekte arms van liefde wat ons wil omhels en met alle genade en heerlijkheid wil bedek.

Want ons weet, ons is naak en sondig, ons het gevaal en is erger af as die verwaarloosde boemelaar op straat. Ons het niks om voor God te wys nie en is waardig om in ons eie gemors te versmoor. Of praat ek nou bietjie kras? Nee, geensins in die lig van Romeine 1-3. In nog baie sterker verdoemende terme beskryf Paulus die innerlike en uiterlike toestand van die mens - die mens! En ek is ook mens. Wie kan dit verdra?

Daarom is hierdie gedeelte van die Bybel een van die mees gehate en omstrede hoofstukke binne en buite die kerk. Mense wil baie graag eerder by Romeine 8 begin: *God is vir ons, wie kan dan teen ons wees.* En: *niks kan ons skei van die liefde van God nie* - dit klink mos beter, meer streelend en sagter op die broes gemoed.

Hoe is dit dat ons so sukkel om te luister, stil te hou? My dogter is onlangs verloof; die paartjie het uitgekyk na 'n gepasde verlowingsring en in juwelierswinkels ingestap. Telkens wanneer die verkoops persoon 'n ring wil demonstreer, plaas hulle eers 'n pikswart sagte lap op die toonbank. In die lig van tientalle klein ligte bokant vertoon elke ring, maar veral diamantringe in hul' pragtigste kleure. Is dit nie ook so, wanneer ons van *genade* en *verlossing* praat - dan stel ek graag die vraag: "Maar waarvan het Christus jou verlos?" "Van sonde", is gewoonlik die antwoord. En ek vra verder: "Noem hulle op, een vir een ..." En dan volg gewoonlik 'n groot vraagteken op die gesigte.

Hoekom? Sonde is sonde, nie waar nie? Nee, ons sal gou agter kom dat dit nie die geval is nie. Sien, mense wat 'n rowwe, uitspatige leefstyl het, vind gewoonlik geen probleme om hulle sondes op te noem nie, maar veral mense wat in die kerk is, wat stilweg hul' lewe goed en reg probeer leef, wat ag slaan op 'n moreel prysenswaardige manier - dis hulle wat sukkel, want hulle is gewoonlik genoë met hulle lewe in die algemeen. Hulle voel in die gesig gevat as hulle aangespreek word met: jou dief, jou leuenaar, jou egbreker, jy wat afgodery bedryf! "Wag 'n bietjie", sou hulle protesteer: "Waar het jy my gesien dat ek al hierdie slegte goed doen?" "Toemaar", kan ek antwoord: "ek sal beslis nie moeite doen om jou dop te hou nie." Maar daar is iemand wie se kamera dag en nag op

ons gerig is en alles opteken; die hemelse regter neem selfs op wat in ons gedagtes aangaan. En jou gedagtes is net so oortreding in God se oë as die werklike daad. Hoe sal jy, wat moreel goed leef, enigsins met die gedagte speel dat jy die oordeel van God sal ontsnap?

Sien, Paulus praat sistematies eers met diegene wat in hul' hart dink, hulle is o.k. voor God. God sal mos my goeie werke goedgunstig aansien, en vir die klein oortredingjies wat so nou en dan gebeur, sal Hy sekerlik 'n oogje of twee toedruk. Vir sulke mense moet die wet in al sy mag gepreek word!

Daar is geen veronskuldiging vir jou wat die wet ken nie, en ook geen verskoning vir jou wat God se wette nie ken nie. Ons sal almal voor die Regterstoel van God verskyn en elkeen sal geoordeel word volgens hulle dade. Hierdie Regter is absolut regverdig; Hy is nie korrupbaar nie en sien geen sekonde van jou lewe oor nie. Alles lê oop en bloot voor Hom uitgebeeld. En weë jou en my as daar die kleinste, gevynste oortreding is - dan kán daar geen kwytstelling plaasvind nie en daar bly net verdoemenis en hel oor.

Niemand wil dit graag hoor nie, wil ons? Maar as die prentjie nie pikswart donker afgryflik geteken word nie, bly ons vasklou aan hierdie grentjie van hoop: dalk is ek tog nie so sleg nie; dalk sal ek tog nog in die agterdeur van die hemel insluip; dalk sal dinge tog vanself reg kom.

Hierdie nuttelose hoop wil Paulus in sy kiem versmoor. Waarom?

Antwoord: *Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?* God se goedheid; nie my goedheid nie.

En God se goedheid bestaan in 'n oorfloed van maniere. Vanselfsprekend praat ons altyd van die genade in Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees waarop ek net nou weer sal uitbrei. Maar let op die ander goedheid van die Here. Daar is dit wat vir alle lewende wesens beskore is - en dit is God se goeie skepping.

- Elke asemhaling is 'n geskenk van God en getuig van God se lewe;
- elke hartklop getuig van God se geduld dat Hy hierdie "pompie" nog nie afgeskakel het nie en dus ons nog onderhou.
- God se natuur is vriendelikheid; en
- as ons kan eet en werk en leef is dit te danke aan God se voorsiennigheid vir die skape van sy weiding.

Die hele OT se Psalm praat herhalend van God se goedgesindheid en proklameer dat dit oorals en altyd teenwoordig is.

- Wanneer ons in vrede mag lewe, dan is dit God se behoeddende hand wat maak dat ons mekaar nog nie almal vermoor het nie.
- Wanneer die vyande in toom gehou word, is dit God se wet en orde wat ons samelewing instand hou - owerhede moet God se wil uitvoer of hulle dit weet of nie.
- Die hele mensegeskiedenis maar veral die Jode se verhaal is vir ons die toonbeeld hoe God met mense teweerk gaan en genade en seën wil verleen.

Ons kan oneindig hier aangaan en aangaan

- alle nuwe wetenskaplike uitvindings is ontdekkings van God se skeppingsorde. Wanneer mense se wysheid in die mate ingespan word dat met nuwe uitvindings die hele mensdom daarby baatvind, dan prys ons God.
- Wanneer die ekonomiese stelsel werk dan, dan si dit God wat maak dat ons ons daaglikse voedsel kan verdien, want dit is God wat van die begin van die skepping af gesê het: bewerk die aarde en maak dit onderdanig en heers daaroor.
- So kan ons ook die liefde en toenadering tussen mense sien as God se liefde wat in mense werksaam is.
- En dat kinders gebore word en die mensdom vermeerder, is God se skeppingswerk deur menslike liggame.

Oorals waarheen 'n mens ook al kyk, is God se goedheid en voorsiennigheid aan die werk. Selfs tot in die verste universum tot in die kleinste mikrokosmos is gevul van God se heerlijkheid. Paulus sê: **wat 'n mens van God kan weet, kan uit sy werke afgelei word** - naamlik sy ewigdurende krag en goedheid. En dit staan vir alle mense, alle kulture, rasse, volke, nasies tot beskikking om ooglopend te bestudeer.

- Daarby het die Jode, en ek mag byvoeg ons Christene, die oormatige voorreg om met God self in verbinding te tree. Vir die Jode as enigste volk op aarde, het God sy wil en wet bekend gemaak. Hulle was bedoel om die lig van die nasies te wees sodat heidene nie behoort te wonder wat en wie God is nie.
- Ons Christene het nog meer ontvang, naamlik die wete watse oneindige genade bo genade daar in Jesus Christus opgesluit lê. Aan ons is die Evangelie toevertrou, die wonderlikste boodskap in die hemel en op aarde. En as ons nou in 'n charismatiese kerk sou sit, sou almal uitroep: Halleluja. Amen!

Maar wat doen ons daarmee? Weereens Paulus se oproep: *Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?* Dit help nie baie om net daarvan te weet nie. Dis soos om 'n groot olieveld in jou erf te ontdek - ontsaglike rykdom. Maar wat help dit as jy net daarvan weet, maar nooit tot aksie oorgaan om die olie te ontgun en aan die hele wêreld beskikbaar te stel nie; eers dan word die rykdom wat God voorsien het, aan almal aangegee.

En die rykdom waarvan ons Christene praat, is nie aardse welvaart nie, maar hemels. Dit is 'n nuwe skepping in Jesus Christus; dit is bevryding van die mag van sonde, dood en duiwel; dit is vernuwing van die denke wat alle morele waardes insluit waarna ek en jy nog altyd gestrewe het, maar op ons eie nooit goed genoeg bereik het nie.

Die wete dat ek sondaar is, is bevrydend, want sondaars weet dat hulle genade bo genade benodig. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat met Christus Jesus verbonde is. In die doop sweer God trou aan my, en in die geloof ontvou God se karakter in my. Ek weet, ek is gered vir tyd en ewigheid, geborge in die opstanding van Christus.

Dis die rykdom wat my karakter en wilskragte verander; dis die rykdom van God wat my gevoel en waardes vernuwe; dis die rykdom van Christus wat my hele menswees in God se genade omvou.

Maar daardie persoon wat op hul' eie prestasies bly voorbou, sal op sy eie aan God moet voorwys wat hy of sy gedoen het. Vir die persoon sal God nog steeds met sy onverbitterlike oordeel *geregtigheid* vereis. Maar vir diegene wat in Christus is, wat stil hou en bereid is dat die hemelse dokter die operasie uitvoer, hulle sal geneesing ervaar. Hý vervang die hart van klip met 'n hart van vlees. Hy verander die aanhoudende self-geregtigheid, met Christusgeregtigheid. Hy lê die wonde bloot en smeer sy goddelike salf. Hy ontmasker aanhoudende verskoonings en gee opregtheid en eerlikheid. Hy verander leun in waarheid. Hy begelei my nou die res van my lewe tot in die hemelse heerlijkheid waar ek andersin alleen die oordeel in die gesig moes staar.

Nou mag ek verseker wees dat niks my meer van die liefde van God skei nie. Hierdie insig is so deurgrypend dat dit my hele wese verander, my denke en my emosies. Ek word om Christus ontwil, nie meer op grond van my eie dad beoordeel nie. Ek mag ek myself met gemoetsrus ootmoedig, ek mag bely, toegee waar ek swak was, waar ek ander seer gemaak het, versuim het om God se wil te doen - Hy neem daardie swakhede en sonde weg. Hy doen wat geen mens kan doen nie. Hy skep vir my 'n nuwe hart en gee vir my 'n nuwe Gees, nuwe wilskragte, nuwe moed en dapperheid. En Hy gee vir my die hoop op die ewige heerlijkheid wanneer boetedoening nie meer nodig sal wees nie, wanneer die hemelse heerlijkheid vir alle gelowiges sigbaare werkliheid sal word, wanneer ons die Heer en meester sal sien wat ons nou al oneindig bemin en ons harte en gedagtes bewaar tot die ewige lewe.

En as Hy dit vir my doen, dan ook vir alle mense. Kom ons gee die Evangelie vir ons land en sy mense. Loof en prys die Here vir hierdie genade. Amen.

